I N H O U D

		Bladsy	Kolom
INLEIDING EN DEFINISIES		2	
GRONDWET			
1.	Naam en Doelstellings	3	1
2.	Lidmaatskap	3	1
3.	Dissiplinêre Stappe	4	3
4.	Beheer	4	4
5.	Finansies	6	7
6.	Algemene Vergaderings	6	8
7.	Spesialisgroepe en Streeksgroepe	7	9
8.	Wysigings aan die Grondwet	7	9
9.	Interpretasie	7	10
10.	Ontbinding	7	10
VERORDENINGE			
A.	Ere-Lidmaatskap	8	11
B.	Verkiesing tot Lidmaatskap	10	15
C.	Register van Lede	10	16
D.	Ledegeld	11	17
E.	Pligte van die Raad	11	18
F.	Vergaderings van die Raad	12	20
G.	Algemene Vergaderings	13	21
H.	Spesialisgroepe en Streeksgroepe	13	21
I.	Wysigings aan die Verordeninge	13	22
J.	Ontbinding	13	22
KLOUSULE-INDEKS		14	

Aanvaar Mei 1995
en aanvaarde wysigings
tot September 2004, ingesluit.

INLEIDING EN DEFINISIES

P.1. In die Grondwet en in die Verordeninge, buiten wanneer iets in die onderwerp of in die konteks, strydig daarmee is, geld die volgende :

(a) Woorde wat die manlike geslag aandui, sal ook die vroulike insluit; en woorde wat enkelvoud aandui, sal ook die meervoud insluit, en *vice versa*.

(b) Die term "Vereniging" sal die Suid-Afrikaanse Vereniging van Fisici in Geneeskunde en Biologie, beteken.

(c) Die term "lid" sal OF enige lidmaatskapsklas uitgesonderd Volle Lidmaatskap OF enige klas of graad van lidmaatskap van die Vereniging, afhangende van die konteks, beteken maar wanneer "Lid" geskryf word, sal dit beteken 'n persoon wat verkies is tot enige graad van Volle Lidmaatskap in terme van klousule 2.2 van die Grondwet.

(d) Die term "Raad" sal die Raad van die Vereniging soos saamgestel volgens Hoofstuk 4 van die Grondwet, beteken.

(e) Die term "Ampsdraers" sal die Ampsdraers van die Raad, soos in klousule 4.4 van die Grondwet gedefinieer, beteken.

P.2. Die klousules in hierdie dokument is as volg genommer :

(a) Inleiding en definisies - die hoofletter P gevolg deur 'n nommer en 'n kleinletter in hakies, van P.1.(a) tot P.2.(c).

(b) Grondwet - alleenlik gedesimaliseerde nommers van 1.1. tot 10.1.3.

(c) Verordeninge - 'n enkele hoofletter gevolg deur gedesimaliseerde nommers van A.1. tot J.2.5.

ooooooooooooOOOOOOOOooooooooooooo

G R O N D W E T

1

1. NAAM EN DOELSTELLINGS

1.1. Die naam van die Vereniging sal wees :

DIE SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VAN FISICI

IN GENEESKUNDE EN BIOLOGIE

Die Nasionale Organisasie van Fisici in Geneeskunde en Biologie, van Stralingsbeskermings-Wetenskaplikes en van Radiobioloë.

1.2. Die doelstellings van die Vereniging sal wees:

1.2.1. Om Suid-Afrikaanse mediese fisici, biofisici, stralingsbeskermings-wetenskaplikes en radiobioloë, te verteenwoordig.

1.2.2. Om die uitbouing aan te moedig en die status van die professies mediese fisika, biofisika, stralingsbeskermings-wetenskap en radiobiologie, in Suid-Afrika te bevorder en te handhaaf deur:

1.2.2.1. Vergaderings, simposia en colloquia te reël vir die bespreking van die natuurwetenskappe toegepas op gesondheid, geneeskunde en biologie.

1.2.2.2. Geleenthede vir opleiding in die toepassing van die natuurwetenskappe en ingenieurswese, op gesondheid, geneeskunde en biologie, te bevorder.

1.2.2.3. Die verbetering van diensvoorwaardes van mediese fisici, biofisici, stralingsbeskermings-wetenskaplikes en radiobioloë aan te moedig.

1.2.2.4. Die ondersteuning van die daarstelling van fasiliteite ter aanmoediging van die wye toepassing van die natuurwetenskappe en ingenieurswese op navorsing in die gesondheids-, mediese en biologiese wetenskappe.

1.2.2.5. 'n Forum te skep vir toenemende samewerking tussen organisasies in Suid-Afrika, met 'n belang by mediese fisika, biofisika, stralingsbeskerming en bio-ingenieurswese.

1.2.2.6. Lidmaatskap van 'n gepaste organisasie of inrigting, beurse, toelaes en ander finansiële hulp, beskikbaar te stel aan lede om nasionale en internasionale konferensies en vergaderings by te woon.

1.2.2.7. 'n Raadgewende diens daar te stel vir die evaluering van apparatuur wat in die geneeskunde en biologie gebruik word.

1.2.2.8. Die ontwerp van gespesialiseerde apparate vir spesifieke mediese en biologiese toepassings, te bevorder.

2. LIDMAATSKAP

2.1. Daar sal vier klasse van lidmaatskap wees -

Volle Lidmaatskap, Nie-Volle lidmaatskap,
Institusionele lidmaatskap en Korresponderende Institusionele lidmaatskap..

2

2.2. **Volle Lidmaatskap**

Volle Lidmaatskap sal bestaan uit die volgende grade -

2.2.1. **Ere-Lede**

2.2.1.1. Ere-Lede sal individue wees aan wie die Vereniging spesiale eer wil bewys uit erkenning vir voortreflike diens aan die Vereniging en/of uitsonderlike bydraes tot die toepassing van fisika in die geneeskunde of biologie, in ooreenstemming met die doelstellings van die Vereniging.

2.2.1.2. Die nominasie en verkiesing van Ere-Lede sal geskied volgens die prosedure uiteengesit in Hoofstuk A van die Verordeninge.

2.2.2. **Lede**

Lede sal individue wees wat -

2.2.2.1 . ‘n Magisters- of hoër graad in Fisika, of 'n gelykwaardige kwalifikasie in die natuurwetenskappe, verwerf het en wat vervolgens 'n minimum van een jaar ondervinding het in mediese fisika, stralingsbeskerming, radiobiologie of kernwetenskap, toegepas op geneeskunde of biologie, ter bevrediging van die Raad; OF

2.2.2.2. 'n Honneursgraad in Fisika, of 'n gelykwaardige kwalifikasie in die natuurwetenskappe, verwerf het en ver-volgens 'n minimum van twee jaar ondervinding het in mediese fisika, stralings-beskerming, radiobiologie of kernwetenskap, toegepas op geneeskunde of biologie, ter bevrediging van die Raad; OF

2.2.2.3. 'n Baccalaureusgraad in Fisika, of 'n gelykwaardige kwalifikasie in die natuurwetenskappe of ingenieurswese, verwerf het en vervolgens 'n minimum van vyf jaar ondervinding het in mediese fisika, stralingsbeskerming, radiobiologie of kernwetenskap, toegepas op geneeskunde of biologie, ter bevrediging van die Raad.

2.2.3. **Afgetrede Lede**

Afgetrede Lede sal wees Lede van goeie naam, wat volle afgetrede status verkry het alhoewel hulle nog tydelik in diens mag wees.

2.3. **Nie-Volle lidmaatskap**

Nie-Volle lidmaatskap sal bestaan uit die volgende grade -

2.3.1. **Mede-lede**

Mede-lede sal individue met 'n toepaslike wetenskaplike of tegniese kwalifikasie wees en by uitsondering, diegene met pligte en/of belange ten opsigte van die toepassings van fisiese- of ingenieurswetenskappe op geneeskunde of biologie.

2.3.2. **Korresponderende lede**

Korresponderende lede sal individue wees -

2.3.2.1. Wat voldoen aan dieselfde vereistes betreffende Lede of Mede-lede soos uiteengesit in klousules 2.2.2 en 2.3.1 *supra*, maar wat permanent buite Suid-Afrika woon;

2.3.2.2. Wat óf Lede óf Mede-lede is maar wat tydelik afwesig is van Suid-Afrika, vir 'n tydperk van nie korter as drie jaar nie;

met dien verstande dat persone wat óf permanent óf tydelik in die buiteland woon, hulle grade van Lidmaatskap of Mede-lidmaatskap mag behou indien hulle dit so sou verkies.

2.3.3. **Afgetrede lede**

Afgetrede lede sal wees lede van goeie naam, van enige van die grade van óf Mede- óf Korresponderende lidmaatskap en wat volle afgetrede status verkry het alhoewel hulle nog tydelik in diens mag wees. Sulke lede sal as Afgetrede Mede-lede en Afgetrede Korresponderende lede respektiewelik, bekend wees.

2.3.4. **Studente-lede**

Studente-lede sal individue wees wat *bona fide* studente is en wat belang stel in die toepassings van die fisiese of ingenieurs-wetenskappe, op geneeskunde of biologie.

2.4. **Institusionele lidmaatskap**

Institusionele lede sal wees daardie organisasies wat aktief belang stel in die bevordering van die toepassing van fisiese- of ingenieurswetenskap op geneeskunde of biologie.

2.5. **Korresponderende Institusionele lidmaatskap**

Korresponderende Institusionele lede sal wees daardie organisasies wat, alhoewel nie noodwendig aktief betrokke nie, belang mag hê in die toepassings van fisiese- of ingenieurswetenskappe op geneeskunde of biologie en wat inligting verlang oor die werksaamhede van die Vereniging.

2.6. Bykomstige klasse of grade van lidmaatskap mag ingestel word deur goedkeuring op 'n algemene jaarvergadering van die Vereniging.

3. DISSIPLINÊRE STAPPE

3.1. Enige lid sal onderhewig wees aan ondersoek na sy gedrag met die oog op dissiplinêre stappe as -

3.1.1. Hy toegelaat is tot 'n spesifieke graad van lidmaatskap op grond van valse voorwendsels.

3.1.2. Hy skuldig bevind word aan 'n misdaad of 'n ander kriminele oortreding.

3.1.3. Hy opsetlik die Grondwet en/of die Verordeninge oortree.

3.1.4. Daar as gevolg van klagtes ontvang van buite die Vereniging, of vir enige ander rede, die Raad van mening is dat 'n ondersoek na sy gedrag, in die belang van die Vereniging sou wees.

3.1.5. Vyf of meer Volle Lede, skriftelik met handtekeninge, aan die Raad voorstel dat sy gedrag, in watter opsig ook al, strydig is met die strewes, doelstellings, en belange van die Vereniging.

3.1.6. Vyf of meer Volle Lede skriftelik met handtekeninge, by die Raad protesteer teen sy voortgesette lidmaatskap van die Vereniging.

3.2. In die geval waar 'n lid onderhewig is aan 'n ondersoek na sy gedrag soos neergelê in klousule 3.1 *supra*, sal die Raad 'n Raad van Ondersoek saamstel om die aantygings teen die betrokke lid te ondersoek.

4. BEHEER

4.1. Onderhewig aan die Grondwet en in ooreenstemming met die Verordeninge, sal die bestuur en beheer van die sake van die Vereniging berus by 'n Raad waarvan die lede hulle ampte sal beklee tot die afsluiting van die Algemene Jaarvergadering wat gehou word na die eerste vergadering van die Raad.

4.2. **Raad**

Die Raad sal bestaan uit -

4.2.1. Ses gewone lede.

4.2.2. Die Voorsitters van die Spesialisgroepe.

4.2.3. Benoemde lede.

4.2.4. Gekoöpteerde lede.

4.2.5. Buitengewone lede.

4.3. **Verkiesing van die Raad**

4.3.1. **Gewone lede van die Raad**

4.3.1.1. Gewone lede van die Raad sal verkies word uit die Volle Lede van die Vereniging.

4.3.1.2. Daar sal jaarliks 'n stemming wees vir die verkiesing van twee lede om die vakatures wat ontstaan as gevolg van die outomatiese uittrede van lede wat hulle drie-jaar termyn voltooi het, te vul.

4.3.1.3. Alle nominasies vir die Raad sal voorgestel en gesekondeer word deur volle Lede alleenlik en sulke nominasies moet vergesel wees van 'n getekende aanvaarding deur die genomineerde.

4.3.1.4. Die tel van stemme sal plaasvind deur twee onpartydige stemopnemers wat deur die uitgaande Raad aangestel sal word en wat onafhanklik, die name van die genomineerdes, in volgorde van die stemme ontvang, en met aanduidings in elke geval, van die aantal stemme ontvang, aan die Ere-Sekretaris sal voorlê. Sou daar teenstrydigheid tussen die bevindings van die stemopnemers wees, sal daar vereis word dat hulle die stemme nagaan totdat die bevindings ooreenstem. Die Ere-Sekretaris sal die lys wat van die stemopnemers ontvang is, bewaar tot die eersvolgende Raadsverkiesing.

4.3.1.5. Na die tellimg van die stemme, sal die stemopnemers die stemme verseël in ’n koevert wat in veilige bewaring deur die Ere-sekretaris gehou sal word tot na die volgende algemene jaarvergadering, waarna dit vernietig sal word indien daar geen besware teen die geldigheid van die verkiesing, ingedien is nie.

5

4.3.1.6. In die geval waar daar 'n gelyke aantal stemme vir twee of meer genomineerdes opgeteken is maar hulle nie almal verkies verklaar kan word nie, sal die President of in sy afwesigheid, die Vise-President, oor die resultaat beslis op grond van 'n gewone meerderheidstem van die stemgeregtigde lede van die Raad, maar met die uitsondering van enige lid van die Raad wat so 'n genomineerde is en nie aan die eliminasie-stemmery mag deelneem nie.

4.3.1.7. Die verkiesing, insluitend die hantering van enige staking van stemme volgens klousule 4.3.1.6 *supra*, sal jaarliks, nie later nie as twee weke voor die algemene jaarvergadering, afgehandel wees.

4.3.1.8. In die geval waar een of meer gewone lede van die Raad uittree, sal die vakature/s wat so ontstaan, uit die name van die onsuksesvolle genomineerdes, soos bewaar deur die Ere-Sekretaris volgens klousule 4.3.1.4 *supra*, gevul word in volgorde van die aantal stemme ontvang.

4.3.1.9. Indien die name van onsuksesvolle genomineerdes te min is om die vervangingsprosedure soos voorgeskryf in klousule 4.3.1.8 *supra*, te volg, sal die Raad 'n gepaste aantal Volle Lede versoek om die oorblywende vakatures te vul.

4.3.1.10. 'n Raadslid wat 'n vakature vul in ooreenstemming met die voorwaardes in klousules 4.3.1.8 en 4.3.1.9 *supra*, sal vir die onverstreke termyn van die betrokke uittredende lid, dien.

4.3.2. **Benoemde lede van die Raad**

4.3.2.1. Elke Instansie wat 'n Institusionele lid met 'n goeie naam is, sal geregtig wees om een persoon te benoem om in die Raad in 'n raadgewende hoedanigheid te dien. So 'n persoon sal 'n Benoemde lid genoem word.

4.3.2.2. Die name van die Benoemde lede sal die Ere-Sekretaris nie later nie, as twee weke voor die algemene jaarvergadering, bereik.

4.3.2.3. Benoemde lede mag deelneem aan alle Raadsbesprekings maar sal nie stemreg hê nie.

4.3.3. **Gekoöpteerde lede van die Raad**

4.3.3.1. Die Raad is gemagtig om na goeddunke, 'n maksimum van twee addisionele Raadslede uit die Volle Lede, te koöpteer en hulle sal bekend staan as Gekoöpteerde lede.

4.3.3.2. Gekoöpteerde lede sal volwaardige lede van die Raad wees.

4.3.3.3. Gekoöpteerde lede sal outomaties uittree ten tye van die algemene jaarvergadering wat volg op hulle koöptering.

4.3.3.4. Gekoöpteerde lede mag 'n amp beklee indien daartoe deur die Raad verkies.

4.3.4. **Buitengewone lede van die Raad**

4.3.4.1. Buitengewone lede van die Raad sal bestaan uit -

4.3.4.1.1 Een amptelik verkose verteenwoordiger by elke internasionale organisasie waarmee die Vereniging geaffilieer is, met dien verstande dat geen so 'n verteenwoordiger reeds 'n Raadslid is nie.

4.3.4.1.2. Voorsitters van streeksgroepe of hulle benoemde plaasvervangers.

6

4.3.4.1.3. Voorsitters van streeksgroepe of hulle benoemde plaasvervangers,

4.3.4.2. 'n Voorsitter van 'n spesialisgroep of sy benoemde plaasvervanger, sal 'n volwaardige lid van die Raad wees met *ex officio* stemreg, buiten as hy ook 'n verkose of 'n gekoöpteerde lid van die Raad is en in die geval, sal hy net een stem hê.

4.3.4.3. Buitengewone lede van die Raad, uitgesonderd die voorsitters van spesialisgroepe of hulle benoemde plaasvervangers, mag deelneem aan alle Raadsbesprekings maar sal geen stem hê nie.

4.3.4.4. Buitengewone lede sal dien vir solank as wat hulle die ampte waarna in klousule 4.3.4.1 *supra*, verwys word, beklee.

4.4. **Ampsdraers van die Raad**

Die Ampsdraers van die raad wat verkies sal word volgens die prosedure in klousule 4.5 *infra*, gespesifiseer, sal bestaan uit -

4.4.1. **Die President**

4.4.1.1. Die President sal 'n Volle Lid van die Vereniging wees.

4.4.1.2. Geen lid sal tot die amp van President verkies word as hy nie vir tenminste 'n volle drie-jaar termyn, as ’n verkose lid van die Raad gedien het nie.

4.4.1.3 . Geen lid sal tot die amp van President verkies word verkies word terwyl hy ook die amp van ’n buitengewone lid van die Raad, soos voorsien in klousules 4.3.4.1.2 en 4.2.4.1.3 *supra*, beklee nie.

4.4.1.4 Die President sal die amp vir een jaar beklee en kwalifiseer vir herverkiesing, op voorwaarde dat hy nie die amp vir langer as twee opeenvolgende jare beklee nie.

4.4.2. **Die Vise-president**

4.4.2.1. Die Vise-President sal ’n Volle Lid van die Vereniging wees.

4.4.2.2. Geen lid sal tot die amp van Vise-President verkies word as hy nie vir tenminste twee jaar as 'n verkose lid van die Raad gedien het nie.

4.4.2.3. Die Vise-President sal die amp vir een jaar beklee en kwalifiseer vir herverkiesing.

4.4.3. **Die Ere-Sekretaris**

4.4.3.1. Die Ere-Sekretaris sal ’n Volle Lid van die Vereniging wees.

4.4.3.2. Indien die Ere-Sekretaris nie 'n gewone lid van die Raad is nie, sal dit beskou word asof hy een van die posisies vir gekoöpteerde lede, soos voorsien in Klousule 4.3.3.1 *supra* vul.

4.4.3.3. Die Ere-sekretaris sal die amp vir een jaar beklee en kwalifiseer vir herverkiesing

4.4.4. **Die Ere-Tesourier**

4.4.4.1. Die Ere-Tesourier sal 'n Volle Lid van die Vereniging wees.

4.4.4.2. Indien die Ere-Tesourier nie 'n gewone lid van die Raad is nie, sal dit beskou word asof hy een van die posisies vir

gekoöpteerde lede, soos voorsien in klousule 4.3.3.1 *supra*, vul.

4.4.4.3. Die Ere-Tesourier sal die amp vir een jaar beklee en kwalifiseer vir herverkiesing.

4.4.4.4. Die ampstermyn van die Ere-Tesourier sal dieselfde wees as die finansiële jaar van die Vereniging.

4.5. **Verkiesing van Ampsdraers van die Raad**

Voor die Algemene Jaarvergadering, sal die uittredende President 'n spesiale vergadering waarby hy as Voorsitter sal optree, van die nuwe Raad belê met die uitsluitlike doel om die Ampsdraers van die Raad vir die volgende jaar te verkies. Die Voorsitter sal om nominasies vir elke Ampsdraer vra en elke verkiesing van 'n Ampsdraer sal deur 'n gewone meerderheidstem beslis word, óf deur die opsteek van hande, óf deur geheime stemming, soos deur die Voorsitter bepaal. Die Voorsitter sal 'n beslissende sowel as 'n gewone stem hê.

4.6. **Termyn van Diens in die Raad**

4.6.1. Al die gewone lede van die Raad sal normaalweg vir 'n termyn van drie jaar dien. Hulle sal kwalifiseer vir herverkiesing.

4.6.2. Benoemde lede van die Raad sal vir 'n termyn van een jaar dien en sal kwalifiseer vir herbenoeming.

4.6.3. Gekoöpteerde lede van die Raad sal dien in ooreenstemming met die voorwaardes van klousule 4.3.3.3 *supra*.

4.6.4. Buitengewone lede sal dien in ooreenstemming met klousule 4.3.4.4 *supra*.

4.7. **Verordeninge**

4.7.1. Die Raad sal Verordeninge wat in ooreenstemming met die voorwaardes van die Grondwet moet wees, opstel vir die bedryf van die werksaamhede en die bestuur van die sake van die Vereniging.

4.7.2. Die Raad mag enige tyd sulke Verordeninge uitbrei, herroep of verander op voorwaarde dat kennisgewing van die voorneme om enige sulke wysigings voor te stel, gegee word met die kennisgewing waardeur die betrokke Raadsvergadering belê word en met 'n verdere voorwaarde dat tenminste twee-derdes van die teenwoordige stemgeregtigde lede van die Raad, ten gunste van so ’n wysiging stem.

4.7.3. Alle lede sal binne twee weke verwittig word van enige wysigings wat deur die Raad aan die Verordeninge aangebring is.

5. FINANSIES

5.1. Die Raad is gemagtig om aansluitingsfooie en/of jaarlikse ledegeld te hef, vas te stel en aan te pas.

5.2. Die finansiële sake van die Vereniging sal onder die beheer van die Raad wees, deur die Ere-Tesourier.

5.3. Alle onttrekkings uit bankrekenings sal die handtekenings van enige een van drie Raadslede wat vir die doel deur die Raad aangewys is, vereis, en onttrekkings uit die beleggingsrekeninge sal enige twee van dieselfde drie handtekeninge vereis.

5.4. Die Raad is gemagtig om fondse volgens goeddunke te belê met die voorwaarde dat daar nie meer as twintig persent van die totale fondse van die Vereniging in die lopende rekening sal wees nie.

5.5. Die Raad is gemagtig om volgens goeddunke, fondse te bestee vir die volgende :

5.5.1. Uitgawes aangegaan deur Raadslede vir die bywoning van Raadsvergaderings of vir enige ander amptelike sake van die Vereniging.

5.5.2. Finansiering van gassprekers.

5.5.3. Finansiering van onthale.

5.5.4. Om uitgawes van amptelike afgevaardigdes van die Vereniging na nasionale en internasionale konferensies, óf gedeeltelik óf in die geheel te dek.

5.5.5. Die stigting van beursfondse.

5.5.6. Lidmaatskap van nasionale en internasionale organisasies.

5.5.7. Finansiering van spesialisgroepe en streeksgroepe.

5.6. Die rekeninge van die Vereniging sal elke jaar op 31 Desember gesluit word en onderwerp word aan jaarlikse ouditering deur geakkrediteerde ouditeure wat deur die Raad aangestel is.

5.7. 'n Staat van die rekeninge van die Vereniging vir die voorafgaande finansiële jaar, sal vir goedkeuring by elke algemene jaarvergadering voorgelê word.

6. ALGEMENE VERGADERINGS

6.1. 'n Algemene vergadering, bekend as die algemene jaarvergadering, sal op 'n datum en plek volgens Raadsbesluit, gehou word.

6.2. **Spesiale Algemene Vergaderings**

6.2.1. Addisionele algemene vergaderings, buiten dié waarvoor in klousule 6.1 *supra*, voorsiening gemaak is, sal Spesiale Algemene Vergaderings genoem word.

6.2.2. By spesiale algemene vergaderings, sal net sake soos gespesifiseer in die kennisgewing, behandel word.

6.2.3. Die Raad mag ter eniger tyd 'n spesiale algemene vergadering belê.

6.2.4. Die Raad sal 'n spesiale algemene vergadering belê so gou doenlik na ontvangs van 'n skriftelike aansoek, onderteken deur nie minder nie as 10 % van die Volle Lede, op voorwaarde dat so 'n aansoek die saak waarvoor die vergadering nodig is, spesifiseer.

6.3. Alleenlik Volle Lede sal geregtig wees om op enige van die algemene vergaderings van die Vereniging, te stem.

6.4.1. Enige lid van enige graad, mag 'n algemene vergadering bywoon en daarop praat.

6.4.2. Enige lid, benoem al dan nie, van 'n organisasie wat Institusionele- of Korresponderende Institusionele lidmaatskap geniet, sal toegelaat word om algemene vergaderings by te woon en daarop te praat.

6.5. Kennisgewings om algemene vergaderings te belê sal aan lede by hulle geregistreerde adresse versend word, nie later nie as vier weke voor die bepaalde datum van so 'n vergadering.

6.6. Indien per ongeluk versuim is om 'n kennisgewing van enige vergadering aan enige Volle Lid te stuur, sal geen besluit wat by enige so 'n vergadering geneem is, ongeldig wees nie.

9

6.7. Behoorlik getekende pos- en volmagstemme sal by alle algemene vergaderings toegelaat word.

7. SPESIALISGROEPE EN STREEKSGROEPE

7.1. Die Raad mag na goeddunke die stigting van spesialisgroepe en/of streeksgroepe goedkeur na ontvangs van redelike vertoë deur die betrokke lede.

7.2.1. Elke spesialisgroep en streeksgroep sal sy eie grondwet wat slegs na goedkeuring deur die Raad van krag word, opstel.

7.2.2. Die naam van die spesialisgroep sal in sy grondwet genoem word en moet deur die Raad goedgekeur word.

7.3. Lidmaatskap van spesialisgroepe en streeksgroepe sal in ooreenstemming met die onderskeie grondwette van sodanige groepe wees, op voorwaarde dat geen persoon 'n lid van enige so 'n groep mag word voordat hy nie 'n lid van die Vereniging is nie.

7.4. Grondwette van spesialisgroepe en streeksgroepe eenkeer goedgekeur, mag nie verander word sonder wedersydse ooreenkoms tussen die Raad en die betrokke groep nie.

7.5. In die geval van die ontbinding van enige spesialisgroep of 'n streeksgroep, in terme van klousule H.4 van die Verordeninge, sal enige fondse of bates van so 'n groep, aangewend word op 'n wyse deur die Raad bepaal.

7.6. Geen spesialisgroep of streeksgroep mag voorgee om namens die Vereniging in enige saak of op watter wyse ook al, op te tree nie, óf direk, óf indirek *vis-a-vis* staatsdepartemente of soortgelyke liggame of enige organisasie, groep of individu; buiten wanneer die betrokke groep spesifiek skriftelik deur die Raad gemagtig is om so op te tree.

(Verwys na Klousule 4.1 van hierdie Grondwet.).

8. WYSIGINGS AAN DIE GRONDWET

8.1. Wysigings aan hierdie Grondwet, by wyse van uitbreiding, verandering of herroeping, mag slegs aangebring word by 'n algemene jaarvergadering of by 'n spesiale vergadering wat vir die doel belê is.

8.2. Voorgestelde wysigings mag voorgelê word deur -

10

8.2.1. Die Raad.

8.2.2. 'n Volle Lid met die ondersteunende handtekeninge van nie minder nie as twee addisionele Volle Lede en sulke voorleggings moet die Ere-Sekretaris nie later nie as ses weke voor die betrokke vergadering bereik.

8.3. Die Ere-Sekretaris sal sulke voorgestelde wysigings aan alle lede sirkuleer saam met die kennisgewing van die betrokke vergadering.

8.4. Die vergadering mag enige voorgestelde wysiging aanvaar, óf dit aanvaar met 'n amendement óf dit verwerp.

8.5. Enige voorgestelde wysiging sal aanvaar geag word as 'n minimum stemmetal van 75 %, getel uit die teenwoordige Lede, posstemme en volmag stemme, ten gunste daarvan is.

8.6. 'n Voorgestelde wysiging wat aanvaar is, word onmiddellik van krag.

8.7. Wanneer 'n voorgestelde wysiging aanvaar is, sal die Ere-Sekretaris binne twee weke al die lede daarvan in kennis stel.

9. INTERPRETASIE

9.1. In die geval van enige dubbelsinnigheid in die vertolking van die Engelse en Afrikaanse weergawes van die Grondwet en die Verordeninge, sal die Engelse weergawe as korrek geag word.

9.2. In die geval van enige dubbelsinnigheid in die betekenis van enige deel van die Grondwet en/of die Verordeninge, sal die vertolking van die Raad, geldig wees vir alle lede.

10. ONTBINDING

10.1. Die Raad sal die mag hê om die Vereniging te ontbind op voorwaarde dat -

10.1.1. Alle lede tenminste twee maande voor die voorgenome datum van ontbinding, per omsendbrief van die voorneme in kennis gestel word en dat die kennisgewing toepaslike pos- en volmag-stembriewe insluit.

10.1.2. Alle lede geregtig sal wees om te stem.

10.1.3. Nie minder nie as twee-derdes van daardie lede wat op die stemming reageer, ten gunste van ontbinding stem.

oooooooooooooOOOOOOOOoooooooooooooo

V E R O R D E N I N G E

11

A. **ERE-LIDMAATSKAP**

A.1. **Inleiding**

Die bedoeling is dat die verheffing van 'n lid tot Ere-status, 'n baie spesiale en duidelike eerbewys moet wees en nie net 'n roetine prosedure vir ou en/of afgetrede persone nie.

Dit word erken dat, alhoewel die begeerte om so 'n duidelike bewys van eer aan iemand toe te ken as 'n teken van respek en uit erkentlikheid vir buitengewoon lofwaardige dienste en professionele aktiwiteite, enige tyd mag ontstaan, dit dikwels meeste gevoel word wanneer 'n lid aftree of aftrede nader.

Dit is noodsaaklik dat groot omsigtigheid aan die dag gelê word om nie toe te laat dat die toekenning van Ere-lidmaatskap 'n gewone en roetine praktyk word nie. Indien dit sou gebeur, sal dit moeilik wees om aan die een kant, verleentheid en miskien betwisbare uitsprake oor individuele lede, en aan die ander kant, die verlaging van die bedoelde eerbetuiging, tot 'n ritueel, te vermy.

A.2. **Nominasie**

A.2.1. Die nominasie van 'n kandidaat, behoorlik onderteken deur die voorsteller/s, sal voorgelê word met 'n skriftelike sitaat waarin die kandidaat se kwalifikasies vir Ere-status beskryf word. Die sitaat sal bestaan uit 'n beknopte *curriculum vitae* sowel as 'n kort maar deeglike en bevestigende motivering ter verduideliking waarom die genomineerde beskou word as Ere-Lidmaatskapswaardig. Die sitaat sal nie later as die einde van Junie, in enige jaar, in die hande van die President wees nie.

A.2.2. Die voorreg van nominasie is verleen aan -

A.2.2.1. 'n Ere-Lid;

A.2.2.2. 'n Uitgetrede President;

A.2.2.3. 'n lid van die Raad;

A.2.2.4. enige vyf of meer Volle Lede tesame, wat almal die sitaat waarna in klousule A.2.1 *supra*, verwys word, moet onderteken.

A.2.3.1. Buiten in die geval waarvoor voorsiening gemaak word in klousule A.2.2.4 *supra*, sal die nomineerder sy voorlegging direk aan die President maak of, as hy die genomineerde is, aan die Vise-President.

A.2.3.2. In die geval waarvoor voorsiening gemaak is in klousule A.2.2.4 *supra*, sal die nomineerders hulle voorlegging doen deur 'n lid van die Raad wat nie die genomineerde mag wees nie en wat dan sal optree volgens klousule A.2.3.1 *supra*.

A.3. **Verkiesing**

A.3.1. Verkiesing tot Ere-Lidmaatskap mag slegs deur die Raad geskied.

3.2. **Kieskollege**

A.3.2.1. 'n Kieskollege bestaande uit nie minder as ses en nie meer

12

as tien lede nie, sal saamgestel word as volg :

A.3.2.1.1. Die Ampsdraers van die Raad en Voorsitters van die spesialisgroepe sal *ex officio* lede van die Kieskollege wees.

A.3.2.1.2. Die President, of as hy die genomineerde is, die Vise-President, sal toesien dat die *ex officio* lede van die Kieskollege (klousule A.3.2.1.1 *supra*) nie minder as twee nie, maar nie meer as vier lede nie, uit die Uitgetrede Presidente van die vorige ses jaar en die Ere-Lede, tot die Kieskollege koöpteer.

buiten dat -

A.3.2.1.3. die genomineerde nie mag dien as 'n lid van die Kieskollege nie; EN

A.3.2.1.4 . enige lid met enige vooroordeel teen die genomineerde, dit sal verklaar en onttrek as 'n lid van die Kollege; EN

A.3.2.1.5. enige lid van die Kollege wat so 'n lid word volgens meer as een van die kategorieë voorsien in klousules A.3.2.1.1 tot A.3.2.1.4. *supra* inklusief, sal geag word as slegs een lid en sal slegs een stem hê.

A.3.2.1.6. In die geval waar daar meer as vier voorstelle is vir persone om gekoöpteer te word vir die Kieskollege, sal die President, of as hy die genomineerde is, die Vise-President, toesien dat die *ex officio* lede van die Kollege stem vir vier lede om gekoöpteer te word. Elke *ex officio* lid van die Kollege sal slegs vier stemme hê. Die vier persone met die hoogste stemmetal sal gekoöpteer word tot die Kieskollege. In die geval van 'n staking van stemme, sal die President of as hy die genomineerde is, die Vise-President, 'n beslissende stem uitoefen.

A.3.2.2. Die name van die lede van die Kieskollege sal aan die nomineerder/s bekend gemaak word nie later nie as twee weke voor die beplande eerste vergadering van die Kollege.

A.3.2.3. **Beswaar**

A.3.2.3.1. Die nomineerder sal die reg hê om skriftelik, met insluiting van redes vir sy oortuiging, 'n beswaar by die kieskollege, deur die President, of as hy die genomineerde is, die Vise-President, in te dien ter onttrekking van enige lid, indien hy redelike gronde het om te glo dat die betrokke lid bevooroordeeld is teenoor die genomineerde.

A.3.2.3.2. Die President, of as hy die genomineerde is, die Vise-President, sal die betrokke lid in kennis stel van die beswaar teen hom en hom die geleentheid gee om vrywillig te onttrek of om die Kieskollege te laat beslis oor die geldigheid van die beswaar.

A.3.3. **Kieskollege Vergadering**

A.3.3.1. By die vergadering van die Kieskollege, sal 'n Voorsitter verkies word uit sy lede buiten dat die Voorsitter nie die volgende sal wees nie -

A.3.3.1.1. die President;

A.3.3.1.2. die Vise-President, as die President die genomineerde is;

A.3.3.1.3. 'n lid teen wie 'n beswaar ingedien is en wat nie vrywillig onttrek het nie.

A.3.3.2. Die eerste saak om behandel te word deur die Kieskollege, is die geldigheid van 'n beswaar teen lidmaatskap waar die betrokke lid nie vrywillig onttrek het nie.

A.3.3.2.1. Die Voorsitter sal die beswaar wat ingedien is, aan die Kieskollege voorlees. Daar sal geen bespreking van die beswaar wees nie.

A.3.3.2.2. Die geldigheid van die beswaar sal beslis word deur 'n geheime stemming volgens die beginsel van 'n gewone meerderheid, buiten dat die betrokke lid nie 'n stem sal hê nie. Vir die doel sal stemopnemers verkies word in ooreenstemming met klousule A.3.4.4 *infra*, en hulle sal in ooreenstemming met klousule A.3.5 *infra*, optree. In die geval van 'n staking van stemme, sal die Voorsitter 'n beslissende stem uitoefen voordat hy die uitslag van die stemming aankondig en onder sulke omstandighede, sal die stemopnemers ten alle tye die vertroulikheid van die Voorsitter se beslissende stem, bewaar.

A.3.3.2.3. Indien die beswaar aanvaar is, sal die Kieskollege uit die oorblywende lede bestaan, buiten as daar minder as ses oorgeblewe lede is, in welke geval 'n nuwe Kieskollege saamgestel sal word in ooreenstemming met klousule A.3.2.1 *supra.*

A.3.3.3. Voordat enige bespreking begin, sal daar van elke lid van die Kieskollege vereis word om in goeie trou, 'n mondelingse verklaring dat hy geen vooroordeel teen die genomineerde het nie, af te lê.

A.3.3.4. Sou 'n lid van die Kollege nie in staat wees om 'n verklaring soos vereis in klousule A.3.3.3 *supra*, af te lê nie, sal hy onttrek as lid. In so 'n geval sal die oorblywende lede van die Kollege die Kieskollege uitmaak buiten dat sou hulle getal minder as ses wees, 'n nuwe Kieskollege saamgestel sal word in ooreenstemming met klousule A.3.2.1 *supra.*

A.3.4. **Pligte van Kieskollege**

Die Kieskollege sal -

A.3.4.1. Die kandidatuur van die genomineerde op enige wyse na goeddunke, ondersoek.

A.3.4.2. Die kandidatuur van die genomineerde bespreek op grond van die sitaat.

A.3.4.3. Per geheime stembrief stem oor die kandidatuur.

A.3.4.4. Twee van sy lede verkies om as stemopnemers op te tree vir die tel van stemme.

A..3.5. **Stemopnemers - Kieskollege Stemme**

A.3.5.1. Die stemopnemers wat verkies is volgens klousule A.3.4.4 *supra*, sal onafhanklik, die stembriewe nagaan en onafhanklik hulle bevindings aan die Voorsitter oorhandig.

A.3.5.2. Sou daar 'n teenstrydigheid in die bevindings van die stemopnemers wees, sal van hulle vereis word om die

stemdokumente na te gaan totdat die bevindings ooreenstem.

A.3.6. **Kieskollege Ondersteuning van Kandidatuur**

Vir die Kieskollege om die kandidatuur van die genomineerde te ondersteun, sal dit nodig wees dat -

A.3.6.1. nie minder nie as 80 % van die lede van die volledige Kollege, hulle stemreg uitoefen; EN

A.3.6.2. nie meer as twee teenstemme aangeteken word nie.

A.3.7. **Kieskollege Aanbeveling**

A.3.7.1. Die Voorsitter van die Kieskollege sal die aanbevelings van die Kollege aan al die lede van die Raad oordra, buiten aan die genomineerde as hy 'n lid van die Raad is.

A.3.7.2. As die aanbeveling van die Kieskollege nie die genomieerde se kandidatuur ondersteun nie, mag geen verkiesing tot Ere-Lidmaatskap plaasvind nie.

A.3.7.3. As die aanbeveling van die Kieskollege die genomineerde se kandidatuur ondersteun, sal die Voorsitter van die Kollege toesien dat alle stemgeregtigde lede van die Raad, die volgende ontvang -

A.3.7.3.1. 'n kopie van die sitaat en ander tersaaklike dokumente;

A.3.7.3.2. stemdokumente vir 'n geheime posstemming en 'n stipulasie van 'n keerdatum vir die terugstuur van stemdokumente aan die President, of as hy die genomineerde is, die Vise-President.

A.3.8. **Stemopnemers - Raadstemme**

A.3.8.1. Die President, of as hy die genomineerde is, die Vise-President, sal twee stemopnemers wat nie noodwendig lede van óf die Raad óf die Kieskollege hoef te wees nie, nomineer vir die doel om die stemme van lede van die Raad te tel.

A.3.8.2. Die stemopnemers genomineer in terme van klousule A.3.8.1 *supra*, sal die verseëlde koeverte met die stemdokumente ontvang en sal onafhanklik die stemme uitgeoefen, nagaan en onafhanklik hulle bevindings skriftelik aan die President, of as hy die genomineerde is, die Vise-President, oordra. Sou daar 'n teenstrydigheid in die bevindings van die stemopnemers wees, sal daar van hulle vereis word om die stemdokumente na te gaan totdat die bevindings ooreenstem.

A.3.9. **Bevestiging van Ere-Lidmaatskap**

Vir die verkiesing van die genomineerde tot Ere-Lidmaatskap sal dit vereis word dat -

A.3.9.1. nie minder nie as 80 % van die stemgeregtigde lede van die Raad, hulle stemreg uitoefen;

A.3.9.2. nie meer as twee teenstemme aangeteken word nie.

A.3.9.3. In die geval waar aan die vereistes van klousules A.3.9.1 en A.3.9.2 *supra* voldoen word met betrekking tot meer as een genomineerde, sal die Raad deur 'n geheime stemming, volgens die beginsel van 'n gewone meerderheid, besluit aan wie Ere-Lidmaatskap toegeken sal word. In die geval

15

van 'n staking van stemme, sal die President, of as hy die genomineerde is, die Vise-President, 'n beslissende stem uitoefen voordat hy die naam van die nuut-verkose Ere-Lid aankondig en onder sulke omstandighede, sal die stemopnemers ten alle tye die vertroulikheid van die beslissende stem bewaar.

A.3.10. **Aantal Ere-Lede Verkies**

Daar sal nie meer as een Ere-Lid verkies word in die periode tussen algemene jaarvergaderings nie.

A.3.11. **Optrede na Verkiesing**

As die verkiesing van 'n genomineerde tot Ere-lidmaatskap bevestig is in terme van klousule A.3.9 *supra*, sal die persoon wat die bevindings in terme van klousule A.3.8.2 *supra*, van die stemopnemers ontvang het, -

A.3.11.1. die nuut-verkose Ere-Lid deur 'n gelukwensings-boodskap in kennis stel van sy verkiesing;

A.3.11.2. reël vir die aankondiging van so 'n verkiesing by die volgende algemene jaarvergadering.

A.3.12. **Oorhandiging**

Daar sal aan 'n nuut-verkose Ere-Lid by die jaarlikse dinee van die Vereniging of by 'n ander geskikte funksie soos deur die Ampsdraers van die Raad besluit, formeel oorhandig word, 'n geskikte ontwerpte en ingeskrewe sertifikaat van Ere-Lidmaatskap met die heraldiese seël van die Vereniging daarop en onderteken deur -

A.3.12.1. die President of, as hy die nuutverkose Ere-Lid is, die Vise-President; EN

A.3.12.2. die Voorsitter van die Kieskollege. Sou die Vise-President die Voorsitter van die Kieskollege wees, sal hy teken as sulks en nie as Vise-President nie.

A.3.13. **Rol van Ere-Lede**

A.3.13.1. Die Ere-Sekretaris sal die name van alle nuut-verkose Ere-Lede byvoeg op die rol van Ere-Lede, wat 'n deel van die Vereniging se Lidmaatskaps-register sal vorm.

A.3.13.2. Alle ander dokumentasie verbonde aan die prosessering van 'n nominasie vir Ere-Lidmaatskap, of die nominasie suksesvol was al dan nie, sal na afhandeling van die prosedure, vernietig word.

B. VERKIESING TOT LIDMAATSKAP

B.1. **Lede, Mede-lede, en Korresponderende lede**

Aansoek om lidmaatskap in een van die grade soos voorgeskryf in klousules 2.2.2, 2.3.1 en 2.3.2.1 van die Grondwet, sal gedoen word op 'n voorgeskrewe vorm en sal voorgestel word deur ‘n Volle Lid en gesekondeer word deur 'n Volle Lid.

B.2. **Korresponderende lede**

Lede en Mede-lede wat verkies om na Korresponderende lidmaatskap oor te gaan volgens klousule 2.3.2.2 van die Grondwet, mag skriftelik daarvoor by die Raad aansoek doen. Sulke aansoeke moet vergesel wees van dokumentêre bewyse ten

16

opsigte van die verwagte tydperk van afwesigheid uit Suid-Afrika.

B.3. **Afgetrede Lede, Afgetrede Mede-lede en Afgetrede Korresponderende lede.**

Lede wat afgetrede status bereik het volgens klousules 2.2.3 en 2.3.3 van die Grondwet, mag skriftelik aansoek doen by die Raad om oorgeplaas te word na die toepaslike register van Afgetrede lede.

B.4. **Studente-lede**

Aansoek vir studente-lidmaatskap volgens klousule 2.3.4 van die Grondwet, sal gedoen word op 'n voorgeskrewe vorm en sal voorgestel word deur 'n lid en gesekondeer word deur 'n lid.

B.5. **Institusionele lede**

Organisasies mag skriftelik by die Raad aansoek doen om lidmaatskap.

B.6. **Korresponderende Institusionele lede**

Organisasies mag skriftelik by die Raad aansoek doen om lidmaatskap.

B.7. Indien die Raad tevrede is dat daar voldoen is aan die nodige vereistes vir die graad van lidmaatskap waarvoor aansoek gedoen is, sal hy lidmaatskap toeken of oordraging bewerkstellig na gelang van omstandighede.

B.8. As die Raad nie tevrede is dat daar aan die nodige vereistes vir die graad van lidmaatskap waarvoor aansoek gedoen word, voIdoen word nie, mag hy 'n toepaslike graad van lidmaatskap aanbied of die aansoek afkeur en die aansoeker en sy voorstellers van die besluit verwittig.

C. REGISTER VAN LEDE

C.1. 'n Register van die name, adresse en kwalifikasies van al die lede sal deur die Ere-Sekretaris gehou word en hierdie register sal van tyd tot tyd, soos die Raad besluit, aan lede beskikbaar gestel word.

C.2. Die register sal al die klasse en grade van lidmaatskap soos in hoofstuk 2 van die Grondwet gelys, aandui, naamlik :

C.2.1. Ere-Lede;

C.2.2. Lede;

C.2.3. Afgetrede Lede;

C.2.4. Mede-lede;

C.2.5. Korresponderende lede;

C.2.6. Afgetrede Mede-lede;.

C.2.7. Afgetrede Korresponderende lede;

C.2.8. Studente-lede;

C.2.9. Institusionele lede;

C.2.10. Korresponderende Institusionele lede.

C.3. Dit sal die plig van alle lede van alle klasse en grade wees om die Ere-Sekretaris skriftelik in kennis te stel van enige adresverandering; so nie, sal die versuim vertolk word as 'n afsien van die diens van die Vereniging ten opsigte van kennisgewings, ensovoorts en die onus sal op die lid rus om kennis te gee van so 'n staking van diens.

C.4. 'n Kennisgewing wat per hand of per pos aan die laaste adres by die Vereniging geregistreer, versend word, sal geag word as behoorlik aan die lid bestel.

C.5. Dit sal die plig van lede van alle klasse en grade wees om die Ere-Sekretaris skriftelik in kennis te stel van enige veranderings in kwalifikasies sodat die register op datum gehou kan word.

D. **LEDEGELD**

D.1. Jaarlikse ledegeld sal in ooreenstemming met die volgende skaal van eenhede wees -

Ere-Lede	0 eenhede
Lede.....	5 eenhede
Afgetrede Lede.....	2 eenhede
Mede-lede.....	3 eenhede
Korresponderende lede.....	2 eenhede
Afgetrede Mede-lede.....	2 eenhede
Afgetrede Korresponderende lede.....	2 eenhede
Studente-lede.....	1eenheid
Institusionelelede.....	30 eenhede
Korresponderende Institusionele lede.....	8 eenhede

D.2. Die monetêre waarde van elke eenheid in klousule D.1 s*upra* sal deur die Raad bepaal word en mag na goeddunke van die Raad, van tyd tot tyd hersien word.

D.3. Ledegeld sal betaalbaar wees voor 31 Oktober van elke jaar.

D.4.1. Die voorregte van enige lid wie se ledegeld nie teen die einde van die finansiële jaar betaal is nie, sal outomaties verval.

D.4.2. Die lidmaatskap van enige lid wie se ledegeld nie teen die einde van die tweede finansiële jaar betaal is nie, sal outomaties verstryk.

D.4.3. Waar voorregte of lidmaatskap verval het in terme van klousules D.4.1 en D.4.2 *supra*, mag die Raad volle herstel in voorregte en/of lidmaatskap aanbring na betaling van alle agterstallige ledegeld en enige boetes wat gehef mag word na goeddunke van die Raad.

D.5. Nuutverkose lede sal die volle ledegeld betaal vir die jaar waarin hulle verkies word.

D.6.1. Daar sal geen terugbetalings van ledegeld, óf ten volle óf op 'n *pro rata* basis, wees aan lede wat uit die Vereniging bedank nie.

D.6.2. Enige lid wat na ’n hoër graad oorgaan, sal die volle verskil tussen die ledegeld van die tersaaklike hoër en laer grade, .betaal vir die jaar waarin die oorgang geskied.

D.6.3. Enige lid wat na 'n laer graad oorgaan, sal geen terugbetaling, óf ten volle óf op 'n *pro rata* basis ten opsigte van die laer betaalbare ledegeld vir die oorgangsjaar, ontvang nie.

D.7. Die Raad is gemagtig om in buitengewone omstandighede, die ledegeld deur enige lid betaalbaar, te verlaag of kwyt te skeld.

E. **PLIGTE VAN DIE RAAD**

E.1. **Raad**

Die Raad sal -

E.1.1. Die doelstellings van die Vereniging bevorder.

E.1.2. Verseker dat die besluite wat op algemene vergaderings geneem word, uitgevoer word.

E.1.3. Omsien na die doeltreffende en spoedige uitvoering van die dag-tot-dag sake van die Vereniging.

E.1.4. Die aktiwiteite van spesialisgroepe steun.

E.1.5. Die aktiwiteite van streeksgroepe steun.

E.1.6. Skakeling onderneem met internasionale organisasies waarby die Vereniging mag aansluit of waarmee nouer bande mag ontwikkel.

E.1.7. Voorstelle vir die organisering van konferensies of vergaderings onder beskerming van die Vereniging, ondersoek en dit óf magtig, óf verander óf verwerp.

E.1.8. Grondwette van voorgestelde spesialisgroepe en streeksgroepe nagaan en dit óf bekragtig óf verander óf verwerp.

E.1.9. Aansluitingsfooie vir lidmaatskap en jaarlikse ledegeld vasstel - laasgenoemde deur die bepaling van die monetêre waarde van die eenhede getabuleer in klousule D.1 van hierdie Verordeninge.

E.1.10. Sulke komitees, of sulke subkomitees as wat nodig geag word, aanstel of toestem tot die aanstelling daarvan.

E.2. **Ampsdraers van die Raad**

E.2.1. Ampsdraers van die Raad soos in klousule 4.4 van die Grondwet gedefinieer, word gemagtig om in spoedeisende gevalle waar daar nie voldoende tyd is om 'n volle Raadsvergadering te belê nie, en waar onmiddellike optrede namens die Vereniging benodig word, die besluite en stappe wat nodig geag word, te neem.

E.2.2. Drie Ampsdraers sal 'n kworum vorm.

E.2.3. Besluite en enige stappe deur die Ampsdraers geneem, sal so gou doenlik aan die Raad gerapporteer word.

E.3. **Die President of Vise-President**

Die President of, in sy afwesigheid, die Vise-President sal -

E.3.1. 'n *Ex officio* lid van alle spesialisgroepe en streeksgroepe, en komitees of subkomitees wat gestig is onder die beskerming van die Vereniging, wees.

E.3.2. 'n Jaarverslag opstel oor die werksaamhede van die Vereniging vir voorlegging aan die lede.

E.3.3. Die kwessie van 'n staking van stemme in Raadsverkiesings, indien dit sou opduik, hanteer volgens klousule 4.3.1.6 van die Grondwet.

E.3.4. Stemopnemers nomineer vir die tel van stemme in die geval van nominasies vir Ere-Lidmaatskap volgens klousule A.3.8.1 van

hierdie Verordeninge.

E.3.5. Omsien na die formaliteite in verband met die verkiesing van 'n lid tot Ere-Lidmaatskap, volgens klousule A.3.12 van hierdie Verordeninge.

E.3.6. Geskikte alternatiewe reëlings tref indien, as gevolg van persoonlike betrokkenheid, die Ere-Sekretaris, uitgesluit is van die uitvoer van die pligte uiteengesit in klousules E.4.12 en E.4.14.3 *infra.*

E.4. **Die Ere-Sekretaris**

Die Ere-Sekretaris sal -

E.4.1. Al die korrespondensie hanteer in konsultasie met die President of, as hy afwesig is, die Vise-President.

E.4.2. Alle vergaderings van die Vereniging belê.

E.4.3. Omsien na die formaliteite van algemene vergaderings en verkiesings.

E.4.4. Mosies en nominasies van lede aanvra nie later nie as ses weke voor die algemene jaarvergadering.

E.4.5. Die kennisgewings om vergaderings te belê, die stembriewe en volmagsvorms, mededelings oor mosies en name van genomineerdes vir die Raad, nie later nie as vier weke, voor die datum bepaal vir die vergadering, aan lede stuur.

E.4.6. Die name van benoemde lede van die Raad aanvra, nie later nie as vier weke, voor die algemene jaarvergadering.

E.4.7. Die finale agenda vir algemene vergaderings, nie later nie as twee weke voor die bepaalde datum vir die vergadering, aan lede stuur.

E.4.8. Alle Raadsvergaderings belê.

E.4.9. Aan alle Raadslede, volmagvorms en die agenda vir die Raadsvergaderings, nie later nie as twee weke, voor die bepaalde datum vir die vergadering, stuur.

E.4.10. Al die lede voor die algemene jaarvergadering in kennis stel van verandering van die plaas van die hoofkantoor.

E.4.11. Onmiddellik nadat die uitslag van die posstemming van die Raadsverkiesing beskikbaar is van die stemopnemers, in ooreenstemming met klousule 4.3.1.4 van die Grondwet, alle lede van die nuwe Raad kennis gee van die name van die volle nuwe Raad.

E.4.12. Wanneer 'n Kieskollege saamgestel word in ooreenstemming met klousule A.3.2.1 van hierdie Verordeninge -

E.4.12.1. al die lede daarvan, buiten soos voorsien in klousule E.3.6 *supra*, kennis gee:

E.4.12.2. die nomineerder/s, in ooreenstemming met klousule A.3.2.3 van hierdie Verordeninge kennis gee van die name daarvan, buiten soos voorsien in klousule E.3.6 *supra*.

E.4.13. Wanneer 'n Raad van Ondersoek aangestel is in ooreenstemming met klousule 3.2 van die Grondwet, al die korrespondensie en prosedures hanteer soos deur die Raad nodig geag.

E.4.14. Verseker dat tersaaklike verslae in stand gehou word van alle vergaderings van -

E.4.14.1. Die Vereniging;

E.4.14.2. Die Raad;

E.4.14.3. Kieskolleges, buiten soos voorsien in klousule E.3.6 *supra*;

E.4.14.4. Rade van Ondersoek.

E.5. **Die Ere-Tesourier**

Die Ere-Tesourier sal -

E.5.1. Al die gelde wat die Vereniging toekom, ontvang, en reël vir uitbetalings; en die finansiële sake in orde hou deur toepaslike boekhouding.

E.5.2. In samewerking met die ouditeure, soos in klousule 5.6 van die Grondwet voorsien, 'n jaarlikse finansiële verslag opstel vir voorlegging aan die Raad en aan die algemene jaarvergadering

E.5.3. Tesame met kennisgewings van die Algemene Jaarvergadering, rekenings betreffende die jaarlikse ledegeld betaalbaar, aan alle lede stuur.

F. VERGADERINGS VAN DIE RAAD

F.1.1. Die Raad sal nie minder nie as drie keer per jaar vergader, met een vergadering ongeveer halfweg tussen algemene jaarvergaderings.

F.1.2. Die laaste vergadering van die Raad sal gehou word *nadat* die verkiesings-uitslag van die Nuwe Raad bekend gemaak is in ooreenstemming met klousule E.4.11 *supra*, en *voor* die Algemene Jaarvergadering wat volg op dié uitslag.

F.2.1. 50 % van die stemgeregtigde lede van die Raad, sal 'n kworum vorm.

F.2.2. Sou 'n kworum nie bestaan nie, sal die vergadering verdaag word na 'n plek en tyd soos deur die Voorsitter na goeddunke van die Voorsitter. Wanneer die vergadering heropen word, sal die teenwoordige lede, indien hulle getal nie minder as vyf is nie, geag word 'n kworum te vorm.

F.3.1. Die President of, in sy afwesigheid, die Vise-President, sal leiding neem by alle vergaderings.

F.3.2. In die afwesigheid van beide die President en Vise-President, sal die vergadering self 'n voorsitter kies uit die Volle Lede teenwoordig.

F.4. Toepaslike ondertekende pos- en volmagstemme sal by alle Raadsvergaderings toegelaat word.

F.5. Resolusies geneem by Raadsvergaderings, sal deur 'n gewone meerderheidstem in hulle guns, as aanvaar geag word.

F.6. Stemming sal gewoonlik geskied deur die opsteek van hande buiten waar 'n geheime stemming toegelaat sal word op versoek van nie minder nie as twee stemgeregtigde lede, of as die Voorsitter so sou besluit.

F.7. Die Voorsitter sal 'n gewone stem hê en by 'n staking van stemme, 'n beslissende stem.

21

G. **ALGEMENE VERGADERINGS**

G.1.1. 10 % van die Volle Lidmaatskap sal 'n kworum vorm.

G.1.2. Sou 'n kworum nie bestaan nie, sal die vergadering verdaag word vir 'n periode gespesifiseer na goeddunke van die Voorsitter. Wanneer die vergadering heropen word, sal die teenwoordige lede, indien die getal Volle Lede teenwoordig, nie minder as tien is nie, geag word 'n kworum te vorm.

G.2. Enige mosie mag deur enige lid voorgestel en gesekondeer word en sal, met uitsondering van wysigings aan die Grondwet en die Verordeninge, aanvaar word op grond van 'n gewone meerderheidstem.

G.3. Stemming sal gewoonlik geskied deur die opsteek van hande buiten waar 'n geheime stemming toegelaat sal word op versoek van nie minder nie as twee Volle Lede, of as die Voorsitter so sou besluit.

G.4.1. Die President of, in sy afwesigheid, die Vise-President, sal leiding neem by alle vergaderings.

G.4.2. In die afwesigheid van beide die President en Vise-President, sal die vergadering self 'n Voorsitter kies uit die Volle Lede teenwoordig.

G.5. Die voorsitter sal 'n gewone stem hê en in die geval van 'n staking van stemme, 'n beslissende stem.

H. **SPESIALISGROEPE EN STREEKSGROEPE**

H.1. Die President sal, of in sy afwesigheid, die Vise-President, 'n *ex officio* lid wees van alle spesialisgroepe en streeksgroepe, en van enige komitees wat binne die groepe gestig is.

H.2. Die Raad mag volgens goeddunke, sulke fondse en/of bystand as wat nodig geag word, toewys om te voorsien vir die bevredigende funksionering van spesialisgroepe en streeksgroepe.

H.3. Voorsitters van spesialisgroepe en streeksgroepe sal by alle Raadsvergaderings en die Algemene Jaarvergadering van dieVereniging, verslag doen oor die werksaamhede van hulle groepe.

H.4. **Ontbinding**

H.4.1. Spesialisgroepe en streeksgroepe mag ontbind word -

H.4.1.1. deur 'n resolusie van die Raad;

H.4.1.2. deur 'n resolusie van die Raad nadat toepaslike voorstelle ontvang is van die uitvoerende komitee van die betrokke groep.

H.4.2. So 'n resolusie soos voorsien in klousule H.4.1. *supra*, sal

22

skriftelik aan die voorsitter van die betrokke groep gestuur word, nie minder nie as ses maande voor die voorgestelde datum van ontbinding. Die voorsitter sal toesien dat al die lede van sy groep binne een week na sy ontvangs van die resolusie, daaroor ingelig is.

H.4.3. Enige vyf of meer lede van die betrokke groep, sal die reg hê om teen die voorgestelde ontbinding te appelleer; so 'n appèl synde in die vorm van 'n verhoor voor die Raad.

H.4.4. In die geval van 'n appèl soos voorsien in klousule H.4.3 *supra*, sal die beslissing van die Raad finaal wees.

I. **WYSIGINGS AAN DIE VERORDENINGE**

1.1. Enige wysigings aan hierdie Verordeninge, sal in ooreenstemming met klousule 4.7.2 van die Grondwet wees.

1.2. Voorgestelde wysigings aan hierdie Verordeninge, mag aan die Raad voorgelê word vir oorweging deur 'n Volle Lid, met ondersteuning deur nie minder nie as twee addisionele lede; so 'n voorstel moet die Ere-Sekretaris nie later nie as ses weke voor die betrokke Raadsvergadering bereik.

J. **ONTBINDING**

J.1. Sou die raad besluit op ontbinding in terme van klousule 10.1 van die Grondwet, sal al die uitstaande skulde van die Vereniging onverwyld vereffen word uit bestaande fondse en/of bates.

J.2. Na vereffening van alle skulde soos voorsien in klousule J.1 *supra*, sal enige oorblywende fondse of bates aangewend word soos deur alle lede besluit, volgens 'n gewone meerderheid stem, op een of meer van die volgende -

J.2.1. aan alle lede van goeie naam, soos deur die Raad vasgestel volgens 'n skaal, afhanklik van die graad van lidmaatskap en van die aantal jare van lidmaatskap;

J.2.2. aan bestaande departemente van mediese fisika of stralingsbeskermingswetenskap of radiobiologie, of aan mediese skole of wetenskaplike inrigtings, almal binne die Republiek van Suid-Afrika, met die doel om mediese fisika- of verwante stralingswetenskaps- biblioteke te stig of uit te brei;

J.2.3. aan spesialisgroepe of streeksgroepe van die Vereniging indien enige hiervan sal voortgaan om as onafhanklike liggame te bestaan;

J.2.4. aan liefdadigheidsinrigtings voorgestel deur enige lid, en 'n beslissing volgens die beginsel van 'n gewone meerderheid;

J.2.5. enige ander redelike proses soos voorgestel deur die Raad of deur lede.

oooooooooooooOOOOOOOOooooooooooooo

KLOUSULE-INDEKS

A

Adresse, C.1; C.3; C.4;
Affiliasies, 4.3.4.1.1; 5.5.6; E.1.6.
Aftrede
 lede, 2.2.3; 2.3.3; B.3.
Algemene jaarvergadering- kyk "Vergaderings"
Algemene vergaderings - kyk "Vergaderings"
Amendemente - kyk "Wysigings"
Ampsdraers - kyk Raad

B

Bates, wegdoen daarvan, 7.5; J.2.
Beheer, 4; E.
Benoemde lede, Raad, 4.2.3; 4.3.2.
Bestuur - sien "Beheer"
Beursfondse, 5.5.5.
Boetes, D.4.3.
Buitengewone lede, Raad, 4.2.5; 4.3.4.

D

Definisies, P.1.
Dissiplinêre stappe, 3.
Doel - kyk "doelstellings"
Doelstellings van Vereniging, 1.2.

E

Ere-Lidmaatskap - kyk "Lidmaatskap"
Ere-Sekretaris, 4.4.3; 4.5.
 dienstermyn, 4.4.3.3.
 gekoöpteer, 4.4.3.2.
 pligte, E.4.
 verkiesbaar, 4.4.3.1 & 3.
 verkiesing, 4.5.
Ere-Tesourier, 4.4.4; 4.5.
 dienstermyn, 4.4.4.3.
 gekoöpteer, 4.4.4.2.
 pligte, E.5.
 verkiesbaar, 4.4.4.1 & 3.
 verkiesing, 4.5.

F

Finansies, 5; E.5.1.
Fooie - kyk "Ledegeld"

G

Gedrag, 3.1 & 2; A.3.10.3.
Gekoöpteerde lede
 Kieskollege, A.3.2.1.2 & 6.
 Raad, 4.2.4; 4.3.3.
Gewone lede, Raad, 4.2.1; 4.3.1.
Grondwet, oortreding van, 3.1.3.
 wysigings aan, 8.

H

Handtekeninge, bank-onttrekkings, 5.3.
Herstel
 lidmaatskap, D.4.3.
 voorregte, D.4.3.

I

Inleiding
 Ere-Lidmaatskap, A.1.
 Grondwet en Verordeninge, P.
Internasionale organisasies
 lidmaatskap van, 5.5.6.
 Raad - kyk "Buitengewone lede"
Interpretasie
 Grondwet en Verordeninge, 9

J

Jaarlikse Kongres - kyk "Kongresse"
Jaarlikse ledegeld - kyk "Ledegeld"
Jaarlikse ouditering - kyk "Oudit"
Jaarverslae, 5.7; E.3.2; E.5.2; H.3.

K

Kennisgewings
 diens - lewering, 6.4; 8.3; 8.7; C.4; E.4.5;
 E.4.7; E.4.9; E.4.11.
 diens - staking, 6.6; C.3.
Kieskollege, A.3.2 to A.3.7; A.3.12.2; E.4.12.
 aanbeveling, A.3.7.
 appèl, A.3.2.3; A.3.3.2.
 gekoöpteerde lede, A.3.2.1.2 to A.3.2.1.6.
 notule - kyk "Notule"
 ondersteuning, A.3.6.
 pligte, A.3.4.
 samestelling, A.3.2.1; A.3.2.2.
 stem, A.3.2.1.6; A.3.3.2.2; A.3.4.3; A.3.6.
 stemopnemers, A.3.3.2.2; A.3.4.4; A.3.5.
 vergaderings - kyk "Vergaderings"
 voorsitter, A.3.3.1; A.3.3.2; A.3.7.1 & 3;
 A.3.12.2.
Klousules, nommers daarvan, P.2.
Kollege, Kies- - kyk "kieskollege"
Komitees, E.1.10.
Konferensies - kyk "Kongresse"
Kongresse, E.1.7.
 internasionaal, 5.5.4.
 nasionaal, 5.5.4.
Korresponderende institusionele lidmaatskap - kyk
 "Lidmaatskap"
Korresponderende lidmaatskap - kyk "Lidmaatskap"
Kwalifikasies, lede, 2.2.2; 2.3.1 & 2; 2.3.4; 2.4 & 5; C.5.
Kworum - kyk "Vergaderings"
Kwytskelding, ledegeld - kyk "Ledegeld"

L

Ledegeld
 aansluiting, 5.1; E.1.9.
 aftrede, D.1.
 agterstallig, D.4.1 & 2.
 jaarlikse, 5.1; D.1; D.2; E.1.9.
 keerdatum, D.3.
 kwytskelding/verlaging, D.7.
 lidmaatskap, 5.1; D.1.
 skale, D.1.
 terugbetaling van, D.6.1; D.6.3.
 vasstelling en hersiening van, 5.1; D.2; E.1.9.
 verandering by oorgang, D.6.2 & 3.

versuim met, D.4.1 & 2.
Lidmaatskap, 2.
Afgetrede Korresponderende, 2.3.3 aansoek, B.3.
ledegeld, D.1.
Afgetrede Lede, 2.2.3.
aansoek, B.3.
ledegeld, D.1.
Afgetrede lede, 2.3.3. aansoek, B.3.
ledegeld, D.1.
Afgetrede Mede, 2.3.3.
aansoek, B.3.
ledegeld, D.1.
Ere, 2.2.1; A.
aantal, A.3.10.
inleiding, A.1.
ledegeld, D.1.
nominasie, 2.2.1.2; A.2..
oorhandiging, A.3.12.
rol, A.3.13.
sertifikaat, A.3.12.
verkiesing, A.3; A.3.9; A.3.11.
Grade, 2.2; 2.3; 2.6.
Herstel van, D.4.3.
Institusionele, 2.4.
aansoek, B.5.
ledegeld, D.1.
Klasse, 2.1; 2.6.
Korresponderende, 2.3.2.
aansoek, B.1 & 2.
ledegeld, D.1.
Korresponderende Institusionele, 2.5.
aansoek, B.6.
ledegeld, D.1.
Lede, 2.2.2.
aansoek, B.1.
ledegeld, D.1.
Ledegeld, 5.1; D.1.
Lys - kyk "Register"
Mede, 2.3.1.
aansoek, B.1.
ledegeld, D.1.
Nie-Volle, 2.3.
Protes teen, 3.1.6.
Register, A.3.13; C; E.4.10.
Student, 2.3.4.
aansoek, B.4.
ledegeld, D.1.
Verkiesing tot, B.
Verlies van, D.4.2.
Volle, 2.2.
Lys, lidmaatskap - kyk "Register"
stemme, Raadsverkiesing, 4.3.1.4 tot 8.

M

Mede-lidmaatskap - kyk "Lidmaatskap"

N

Naam, 1.1.
Vereniging, 1.1.
Spesialisgroepe, 7.2.2.
Nasionale Organisasies
lidmaatskap van, 5.5.6.
Nie-Volle lidmaatskap - kyk "Lidmaatskap"
Nominasie
Ere-Lede, 2.2.1.2; A.2
Raad, 4.3.1.3.
Nommers
klousules, P.2.
Notule
KiesKollege, E.4.14.3
Raad, E.4.14.2.
Raad van Ondersoek, E.4.14.4.
Vereniging, E.4.14.1.

O

Ondersoek, Raad van, 3.2.
Ontbinding
spesialisgroepe, 7.5; H.4.
appèl daarteen, H.4.3; H.4.4.
streeksgroepe, 7.5; H.4.
appèl daarteen, H.4.3; H.4.4.
Vereniging, 10; J.
stemme, 10.1.2.
Optrede namens die Vereniging, 7.6;
Oudit, jaarlikse, 5.6; E.5.2.
Ouditeure, 5.6; E.5.2.

P

Pligte
Ampsdraers, E.2.
Ere-Sekretaris, E.4.
Ere-Tesourier, E.5.
Kieskollege, A.3.4.
lede, alle, C.3; C.5.
President, E.3.
Raad, E.1.
Vise-President, E.3.
Posstem - kyk "Stembriewe" en "Stemme"
President, 4.4.1.
dienstermyn, 4.4.1.4.
ex officio lidmaatskap, E.3.1; H.1.
jaarverslag, E.3.2.
pligte, A.3.12; E.3.
verkiesbaar, 4.4.1.1 & 2.
verkiesing, 4.5.

R

Raad
Ampsdraers, 4.4; E.2.
dienstermyn, 4.4.1.4; 4.4.2.3; 4.4.3.3; 4.4.4.3.
kworum, E.2.2.
spoedeisende gevalle, E.2.1.
vergaderings - kyk "Vergaderings"
verkiesing, 4.5.
benoemde lede, 4.2.3; 4.3.2.
dienstermyn, 4.6.2.
buitengewone lede, 4.2.5; 4.3.4.
dienstermyn, 4.3.4.1; 4.6.4.
gekoöpteerde lede, 4.2.4; 4.3.3.
dienstermyn, 4.3.3.3; 4.6.3.
Gewone lede, 4.2.1.
dienstermyn, 4.6.1.
nominasie, 4.3.1.3.
uittrede, 4.3.1.2; 4.3.1.8; 4.3.1.10.
verkiesing, 4.3.1.
staking van stemme, 4.3.1.6.
pligte, E.
samestelling, 4.2.
stemme, 4.3.2.3; 4.3.3.2; 4.3.4.2; A.3.7.3.2, A.3.8; A.3.9; F.4 tot F.7.

stemopnemers, 4.3.1.4; A.3.8; E.3.4,
vakante posisies, 4.3.1.8 & 9
vergaderings - kyk "Vergaderings"
verkiesing, 4.3.
Raad van Ondersoek, 3.2; E.4.13.
Register, lidmaatskap, A.3.13.1; C.
veranderings, E.4.10.
Regte - kyk "Voorregte"
Rekeninge, 5.3; 5.6; E.5.3.
state van, 5.7; E.5.2

S

Sekretaris -kyk "Ere-Sekretaris"
Sertifikate
Ere-Lidmaatskap, A.3.12.
Skulde, J.1
Spesiale algemene vergaderings - sien "Vergaderings"
Spesialisgroepe, 7; H; J.2.3.
bates van, 7.5.
finansiering van, 5.5.7; H.2.
grondwet, 7.2; 7.4.
lidmaatskap, 7.3.
ontbinding, 7.5; H.4.
appèl teen, H.4.3 & 4.
optrede, namens die Vereniging, 7.6.
verslae van, H.3.
voorsitter, 4.2.2; 4.3.4.1.2; 4.3.4.2; H.3; H.4.2.
Staking van stemme - kyk "Stemme"
Stembriewe, 4.3.1.2; 4.3.1.4 & 5; 10.1.1; A.3.4.3; A.3.7.3.2; A.3.8.2; E.4.5.
Stemme - kyk ook “Stembriewe”
Stemme
algemene vergaderings, 6.3; 6.7; 8.5; G.2 & 3; G.5.
Kieskollege, A.3.2.1.6; A.3.3.2.2; A.3.4.3; A.3.6.
ontbinding, 10.1.2.
posstemme, 6.7; 8.5; E.4.11; F.4; J.2; J.2.4.
Raad, 4.3.2.3; 4.3.3.2; 4.4.4.2; A.3.7.3.2; A.3.8; A.3.9; F.4 tot 7.
Raadsverkiesings, 4.3.1.4 tot 8
staking van, 4.3.1.6; E.3.3.
volmag, 6.7; 8.5; E.4.5; E.4.9; F.4.
Stemopnemers
Kieskollege, A.3.3.2.2; A.3.4.4; A.3.5.
Raad, 4.3.1.4 & 5; A.3.8; E.3.4.
Streeksgroepe, 7; H; J.2.3.
bates van, 7.5.
finansiering van, 5.5.7; H.2.
grondwette, 7.2.1; 7.4.
lidmaatskap, 7.3.
ontbinding, 7.5; H.4.
appèl, teen, H.4.3 & 4.
optrede, namens die Vereniging, 7.6.
verslae van, H3.
voorsitter, 4.3.4.1.3; H.3; H.4.2.
Studente-lede - kyk "Lidmaatskap"
Subkomitees, E.1.10.

T

Tesourier -kyk "Ere-Tesourier"
Tjeks, Handtekeninge, 5.3.

U

Uitgawes
gaste, 5.5.2.
lede, 5.5.1; 5.5.4.
onthale, 5.5.3.
Uittrede, Raadslede, 4.3.1.2; 4.3.1.8.

V

Vakante posisie, Raad - kyk "Raad"
Veranderings - kyk "Wysigings"
Verdaging, vergaderings - kyk "Vergaderings"
Vergaderings
Algemene, 6; G.
belê van, 6.2.3 & 4; 6.5; 8.3; E.4.5.
jaarlikse, 6.1.
kworum, G.1.1; G.1.2.
spesiale, 6.2.
belê van, 6.2.3 & 4.
sake van, 6.2.2; 6.2.4.
stem, 6.3; 8.5; G.2; G.3; G.5.
pos en volmag, 6.7; 8.5.
verdaging, G.1.2.
voorsitter, G.4 & 5.
Ampsdraers
kworum, E.2.2.
Kieskollege, A.3.3.
appèl, A.3.2.3.
koöptering, A.3.2.1.2; A.3.2.1.6.
stem, A.3.2.1.6; A.3.3.2.2; A.3.4.3; A.3.6.
stemopnemers, A.3.3.2.2; A.3.4.4; A.3.5.
voorsitter, A.3.3.1; A.3.3.2.
Raad, F.
kworum, F.2.
stem, 4.3.2.3; 4.3.3.2; 4.3.4.2; F.4 tot 7.
verdaging, F.2.2.
voorsitter, F.3; F.7.
Verkiesing - kyk onder toepaslike afdeling
Verlaging, ledegeld - kyk "Ledegeld"
Verordeninge, 4.7.
oortreding van, 3.1.3.
wysigings, 4.7.2 & 3; I.
Verslae
finansiële, 5.7; E.5.2.
jaarlikse, E.3.2; E.5.2; H.3.
Verteenwoordigers, 4.3.4.1.1.
Vise-President, 4.4.2; 4.5
dienstermyn, 4.4.2.3.
ex officio lidmaatskap, E.3.1; H.1.
jaarverslag, E.3.2.
pligte, A.3.12; E.3.
verkiesbaar, 4.4.2.1 & 2.
verkiesing, 4.5.
Volle Lidmaatskap - kyk "Lidmaatskap"
Volmag stemme - kyk "Stemme"
Voorregte/Regte
herstel van, D.4.3.
verlies van, D.4.1.
Voorsitter
Algemene vergaderings, G.4 & 5.
Kieskollege, A.3.3.1; A.3.3.2; A.3.7.1; A.3.7.3; A.3.12.2.
spesialisgroepe, 4.2.2; 4.3.4.1.2; 4.3.4.2; H.3; H.4.2.
streeksgroepe, 4.3.4.1.3; H.3; H.4.2.
Raad, F.3; F.7.

W

Wysigings
Grondwet, 8.
Spesialisgroep-Grondwet, 7.2.1; 7.4.
Streeksgroep-Grondwet, 7.2.1; 7.4.
Verordeninge, 4.7.2; I.